Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

Jaargang 16 no 5

Mei 2007

Tema: Pinkster Hemelvaart

- **Die gawes van die Heilige Gees 2**
- **Verskynsel van geestelike entoesiasme 4**
- **Entoesiasties oor die wederkoms 7**
- Kultuur en geloofsbelewing: vir die "frozen chosen"..... 9
- Die Heilige Gees leer ons om gelowig op God se beloftes te reageer ... 11
- Gesin en christelike feesdae, hoe vier ons dit? 14
- Geloofservarings in Engeland..... 16
- Christus se oorwinning ook 'n realiteit vir die politiek 18

Die Heilige Gees was daar nog nie...

Johannes skryf in Johannes 7:39 : "*...want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie*". Hy verbind die verheerliking, die **hemelvaart**, van Jesus en **Pinkster,** die uitstorting van die Heilige Gees. Maar wat kan dié verbinding tog beteken? Was die Heilige Gees dan eers werksaam ná Jesus se "verheerliking"? Het Israel dan nie die Heilige Gees gehad voor die verheerliking van Christus nie?

Dit is nou juis tyd vir die fees van die uitstorting van die Heilige Gees, Pinkster. Christen en Jood gaan saam Pinkster, die oes wat God gegee het, vier. Maar Jood en Christen gaan dit op verskillende wyses herdenk. Omdat die Jode kies om sonder Christus te leef, bly hulle fees 'n gedempte fees. Hulle kan met dank terugkyk na die sorg van die HERE in hulle geskiedenis, maar sonder geloof in die Messias is daar geen oes van vergifnis vir hulle om te vier nie. Dit wat hulle Messias in genade vir hulle geplant het, wil hulle nie oes nie!

Christene mag met dank vier dat ons inderdaad die seën van 'n ewige oes ontvang het. Ons oes die vrede van God se vergifnis wat Christus vir ons bewerk het. Hy gee sy Gees aan ons, omdat ons glo dat Hy volkome vir ons sondes gesterf het! Deur die Gees vier ons Pinkster, ons oes die lewe met God!

Wys Johannes 7:39 ons dus op die Geesloosheid van die Joodse Pinkster? Het die volk van die Ou Testament nie die Gees van God gehad nie? Nee, Johannes verf net met 'n dik kwas. Hy stel die vroeëre werk van die Gees in die agtergrond van die volskaalse verheerliking van Christus sedert die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster. Tot op Christus se verheerliking sou die volheid van die gawe van die Heilige Gees nooit moontlik wees nie. Voordat God die oes van die lewe kon gee, moes daar Iemand wees wat dié oes moontlik kon maak. 'n Mens moes God volkome gehoorsaam sodat God Hom kon seën met al die hemelse seëninge! Israel, die hele Ou Testament, verwag daarom juis deur die Gees die koms van die Volmaakte, die Christus (Joh 12:41). Wat voorheen was, is skadu's van wat daar nou is! Daarom wentel die hele Evangelie van Johannes om die punt, die uur, van Jesus se verheerliking (vgl Joh 1:17; 2:4; 12:23, 27, ens.). Eers nadat Hy volkome verheerlik was, kon die Heilige Gees uitgestort word. Jesus se *op*-trede, die hemelvaart, is die groen lig vir die Heilige Gees se volkome *in*-trede, die "beter bedeling" (Joh 16:7). Dit beteken verder dat die Ou Verbond nou aan die Nuwe onderworpe is. Sonder die fees van die Gees wat Christus bewerk het, is daar nou geen werklike fees meer nie (Joh 7:39). Hy wat nie glo in die verheerlikte Christus nie, het geen oes meer nie. Dit is so goed soos 'n misoes! Die Gees verheerlik Christus. Daarom sê Johannes: Omdat Christus nie verheerlik was nie, was die Gees nog nie daar nie! Wie die Seun nie eer nie, eer nie die Vader wat Hom gestuur het nie (Joh 5:23).

Maar dit is nie net Christene en Jode wat verskillend na Pinkster sal kyk nie. Ook Christene het onderlinge verskille oor die viering van Paasfees. In wese lê dié verskille ook, net soos met die Jode, in die siening van die verhouding tussen Pinkster en hemelvaart. In "Pinksterkerke" sal Pinkster voorgehou word as 'n uitstorting van die Gees wat weer en weer moet plaasvind. Hierdie aanhoudende

oes word voorgehou as onmisbaar vir die lewe van die kerk. Mense moet weer en weer ervaar hoe daar gepraat word in tale en allerlei wonders moet gereeld manifesteer. Sonder hierdie gereelde "oes" is die kerk sterwend. Dié siening stem merkwaardig ooreen met die Joodse siening van Pinkster. Pinkster word pinksters. Christus se werk was en is nie volmaak nie. Daarom sal Pinksterkerke kort na Pinkster 2007 weer koorsagtig na die volgende pinkster-ervaring begin soek, na die bevestiging dat God in hulle lewens werk. Net soos by die Jode is die Pinksterkerke se een Pinkster, die een uitstorting van die Gees, dus onbevredigend, onverkwiklik en onversadig. Die Gees is daar en dan is Hy weer nie daar nie.....

Ander Christene glo anders. Hulle vier ook die fees van Pinkster anders. Hulle glo dat die Kerk, die katolieke Kerk van Christus, Pinksterkerk IS. Sy hoef dit nie weer en weer te word nie. Die Heilige Gees is slegs eenmaal uitgestort as eenmalige en ewige vrug van die eenmalige verheerliking, die hemelvaart. Die Pinkstergebeure is daarom net so eenmalig en volmaak soos die kruisiging, die opstanding en die hemelvaart van die Here Jesus. Pinkster is die oorvloedige en aanhoudende oes van God se volkome werk in Christus op aarde. Net soos Jesus met die een kruis-offer volmaakte versoening bewerk het (1 Joh 2:2), het Hy ook sy Gees volmaak aan die gemeente gegee om haar te verseker dat Hy ewig by haar sal wees (Matt 28:20). Sy hemelvaart was nie 'n wegvaart nie. Dit was nie 'n troonverlating nie, maar juis 'n troonbestyging (Hebr 1:3). Hy sit nou aan God se regterhand en gee sy Gees aan elkeen wat tot geloof kom. Hy wat in Christus glo, mag weet hy het die Heilige Gees (Rom 8:9). Die Gees se taak is juis om ons na die verheerlikte Christus te neem.

Johannes 7:39 is die gronde vir dié vergenoegde houding. Die verheerliking van Jesus het reeds plaasgevind en daarom **is** die Gees nou reeds uitgestort. Die werk van die Heilige Gees is nie om ons weer en weer te laat soek na een of ander tydelike oes, een of ander teken of wonder, nie, maar om ons tot rus te bring in die wonderbare aanskouing van die verheerlikte Christus aan God se regterhand. Ons sekerheid lê in die ervaring van die eenmalige en volmaakte troonbestyging van die Seun. Daar staan: "*...want die Heilige Gees was daar nog nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie*". In Johannes 7:38+39 roep Jesus juis op die Loofhuttefees dorstige mense om van HOM te drink en dan sal stro-me lewende water uit hul binneste vloei. Net so ook beloof Hy aan die vrou by die put van Sigar dat elkeen wat van Hom drink, NOOIT weer dors sal word nie.

Die Heilige Gees was daar nog nie, OMDAT Jesus nog nie verheerlik was nie. Noudat Jesus verheerlik is, is die Gees daar!

Ds Pieter Nel

DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES

Ds Pieter Boon

TEMA: PINKSTER / HEMELVAART

In 1 Korinthiërs 14 spreek die apostel Paulus 'n netelige kwessie in die gemeente van Korinthe aan. Dit gaan oor die spreek in tale. Wat beteken hierdie spreek in tale eintlik? Is dit dieselfde as tongetaal? Wat is tongetaal?

Uitstorting van die Heilige Gees en spreek in tale

Kom ons begin by die begin. Ons lees in Handelinge 2 die geskiedenis van Pinksterdag. Ons lees onder andere oor die wonder dat die apostels skielik in vreemde tale begin praat het. Ons lees ook dat die aanwesige mense elkeen afsonderlik die apostels die evangelie hoor verkondig het in hulle eie moedertaal: Persies, Egipties, Frigies, ens. Hierdie was dus gewone tale, al was dit tale wat die apostels tot op daardie oomblik nie kon praat nie. Die wonder was dat Christus hulle in staat gestel het om van die een oomblik op die ander hierdie tale te kan verstaan en praat, waardeur hulle in staat gestel is om in hierdie nuwe tale die evangelie te bedien.

Glossolalie

Nou is daar nog 'n verskynsel, wat gewoonlik met die woord tongetaal (of: glossolalie) aangedui word. Dit is belangrik dat ons hierdie twee van mekaar onderskei. Glossolalie is naamlik 'n verskynsel wat oor die algemeen omskryf kan word as die loskoppeling van jou gedagtes en jou spraakvermoë. Dit is 'n verskynsel - meestal 'n ekstatiese verskynsel - wat vandag voorkom onder bepaalde Christelike groeperings. Maar dit is nie net tot Christene beperk nie. Ons vind dit

ook in ander godsdienste. In die tyd van die Nuwe Testament was dit ook ‘n bekende verskynsel. Dit het byvoorbeeld in die hellenistiese godsdienste gefunksioneer as simbool vir goddelike inspirasie. Ondersoeke het verder uitgewys dat hierdie tongetaal van land tot land verskil. Amerikaanse tongetaal klink byvoorbeeld anders as Britse tongetaal, en Koreaanse tongetaal nog weer anders.

Daar is mense wat beweer dat hulle tongetaal kan uitlê. Tog het ondersoeke uitgewys dat tongetaal nie ‘n eenduidige boodskap bevat nie. Twee sogenaamde tongetaal-tolke is gevra om dieselfde tongetaal-boodskap, wat op band opgeneem is, onafhanklik van mekaar te vertaal. Hulle het met twee heeltemal verskillende vertalings gekom.

As teenargument word genoem: ja, maar die Gees het aan elkeen ’n ander vertaling in die mond gelê. Is dit ‘n goedkoop teenargument? Selfs as dit waar is, dan is dit nog steeds duidelik dat tongetaal, oftewel glossolalie, iets heeltemal anders is as die wonder waaroor ons in Handelinge lees. Want in Handelinge gaan dit oor gewone mensetale, verstaanbaar vir die moedertaalsprekers wat aanwesig was.

Ons weet uit Handelinge dat hierdie wonder ná die Pinksterdag in elk geval nog twee keer herhaal is. Ons lees daarvan in Handelinge 10 en 19. Telkens as die Heilige Gees op ‘n nuwe groep mense uitgestort word, het hierdie taalwonder plaasgevind. Hierdeur is die dissipels bekwaam gemaak om die evangelie uit te dra na nuwe groepe mense. Dit in ooreenstemming met Jesus se belofte in Handelinge 1 vers 8: Julle sal my getuies wees in Judéa, Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.

Spreek in tale in Korinthe

Ons weet verder uit Handelinge dat Paulus, die apostel wat die brief aan die Korinthiërs geskryf het, ook by die taalwonder in Handelinge 19 betrokke was. As hy dus in 1 Korinthiërs 14 skryf oor die spreek in tale, weet hy waaroor dit gaan. Hy het naamlik self ook hierdie gawe ontvang. As hy die Korinthiërs in hierdie hoofstuk vermaan dat hulle misbruik maak van hierdie gawe, weet hy waarvan hy praat.

Ons sien dat Paulus veral die profesie aanmoedig, terwyl hy die praat in vreemde tale sterk afraai. Hy laat dit slegs onder bepaalde voorwaardes toe. Die Korinthiërs moet naamlik weer besef wat die doel van hierdie gawe is. Die doel is – soos ons duidelik in die boek Handelinge sien – om vreemdes te bereik. Die Korinthiërs het dit egter nie vir hierdie doel gebruik nie. Vanaf vers 2 gee Paulus ‘n analise van die situasie in Korinthe. Hulle gebruik die gawe nie om tot vreemde mense te praat en vir hulle die evangelie te bring nie, maar hulle praat sogenaamd tot God.

Maar volgens Paulus is dit in feite nutteloos, want God verstaan mos as jy in jou eie taal praat. En die neweeffek is dat jou woorde by medelidmate en gaste as geheimenisse oorkom en hulle voel uitgesluit. Dit is ’n verkeerde instelling. Dit was nie die bedoeling van hierdie gawe nie. Die bedoeling was juis dat die evangelie verkondig kan word aan vreemdes, en hande en voete kan kry in mense se lewens. En dit is hoekom Paulus die profesie so benadruk. Dit wil sê: die uitleg van die Woord, die vaardigheid om dit te kan toepas vir vandag se situasie.

As dit goed is, is jou tong die spieël van jou verstand. Uit wat jy sê, kom ‘n ander agter wat in jou gedagtes leef. Maar, sê Paulus, as jy nou in ‘n vreemde taal praat, dan klink jy soos ‘n barbaar. Dit noem Paulus die toppunt van absurditeit. Dat jy sou kies om ‘n barbaar te wil wees. In vers 11 lees ons die vertaling “sal ek ‘n vreemdeling wees”.

In die Griekse teks staan die woord ‘barbaros’. Die woord ‘vreemdeling’ is eintlik te sag vertaal. Paulus gebruik die Griekse woord op ’n verkleinerende manier. Die Grieke, en nie in die minste nie die Korinthiërs, het hulself as baie beskaaf beskou. Wat hulle taal betref, die enigste met die regte uitspraak van Grieks. Grieks was toe die wêreldtaal, en in elke land is Grieks met ‘n ander aksent gepraat.

Net soos Engels vandag. Die Britte met hulle ‘Oxford English’ dink hulle is die enigste wat Engels praat soos dit behoort te klink. Destyds het die Korinthiërs dieselfde houding ten opsigte van Grieks gehad. Ander aksente is deur hulle afgemaak as primitief, plattelands, of barbaars. Dus, teen hierdie agtergrond raak Paulus in vers 11 ’n gevoelige snaar aan. Want as daar een stad was wat hulleself as niebarbaars beskou het, was dit Korinthe. Dus, sê Paulus, as julle dan so beskaafd is, hoekom wil julle nou skielik in ‘n vreemde taal bid? So lê Paulus die vinger by die misbruik van hierdie gawe. Dit is ‘n teken bedoel vir die ongelowiges, en nie vir die gelowiges nie. D.w.s. dis bedoel om die ongelowiges te bereik. En selfs dan gaan dit uiteindelik nie oor die teken nie, maar oor die inhoud.

Soos vers 25 sê: eers as ’n ongelowige in verstaanbare taal die evangelie hoor, kom die geheime van sy hart aan die lig. Dit is naamlik die werking van die evangelie: dit ontdek ons aan ons sondes, ons ellende, die sondige geheime van ons hart. Dit is deur die krag van die evangeliepredikinge dat ‘n sondaar op sy aangesig val - teken van eerbied - en hom bekeer. Slegs dan is hy ook in staat om te beoordeel wat in die erediens gaande is – hy sal ervaar dat God werklik onder julle is! Soos Calvyn oor vers 25 skryf: slegs die kennis van God, dit wil sê slegs as die evangelie verstaanbaar ’n mens se hart binnedring, kan dit die trots van die vlees ten val bring. Hierdie gawe van spreek in tale is dus

bedoel om die inhoud te dien. Maar omdat die Korinthiërs dit misbruik, raai Paulus die gebruik daarvan af. Ja, selfs 'n wonder kan misbruik word! Die kerk kan wel sonder hierdie gawe klaarkom, maar nie sonder profesie nie. Hierdie gawe bestaan slegs om die profesie, die prediking, te dien.

Profesie

Dit is dan ook die strekking van Paulus se boodskap aan Korinthe: moenie die profesie verwaarloos nie. Profesie, bedoelende: dat die Woord van God gebring word, en toegepas op die hede en die toekoms. Dat dit hande en voete kry in die praktyk. Hierdie nadruk op profesie is teen die agtergrond van die skeefgroei in Korinthe. Wat hierdie skeefgroei ingehou het, is moeilik om presies te bepaal. Daar is twee moontlikhede en dit is waarskynlik dat hulle ook altwee langs mekaar bestaan het in Korinthe.

1. Dit is moontlik dat daar in Korinthe meerdere persone was wat die wonder ontvang het om in ander tale te kan praat. Helaas het die gebruik van hierdie gawe gelei tot wedywer en groepsvorming in Korinthe (1 Kor. 1:12). Die wonder was bedoel om die heidene so gou as moontlik by die evangelie te betrek. Maar dit het op die teendeel uitgedraai en gedreig om die heidene op 'n afstand te hou (1 Kor. 14:23), juis omdat hulle in Korinthe die wonder gebruik het om te spog. Daarom vermaan Paulus die gemeente. Dit is mos nie die doel van hierdie wondergawe nie? Paulus vertel dat hy self ook in vreemde tale praat (1 Kor. 14:18), selfs bogemiddeld baie. Maar die gawe om in verskillende tale te kan praat, gebruik hy funksioneel. 'n Ander moet jou kan volg, daaroor gaan dit. Dit gaan oor die boodskap, nie oor die persoon nie. Die gawe is gegee juis om die evangelie so vinnig as moontlik te versprei.

2. Daar is nog 'n tweede moontlike verklaring: in 'n kosmopolitiese hawestad soos Korinthe in daardie tyd, het die kerk uit Christene van verskillene nasionaliteite bestaan. Hulle het ook verskillende tale gepraat. Almal van hulle het dit as hulle reg beskou om God spontaan in sy of haar eie taal te prys. Dit het egter groepsvorming tot gevolg gehad, chaotiese toestande, en vir buitekerklikes het dit soos wartaal geklink soos wat elkeen in sy eie taal aangegaan het. By elkeen van hierdie twee verklarings bly Paulus se vermaning dieselfde: dit gaan nie in die eerste plek oor die taal - jou taal – nie. Dit gaan in die eerste plek oor die boodskap van die evangelie. Dat die evangelie die mense bereik, lede sowel as nie-lede.

Spreek in tale vandag

Nou sou ons kon vra: bestaan hierdie gawe vandag nog steeds? Ter wille van duidelikheid: ek bedoel die praat in vreemde tale, nie sogenaamde tongetaal nie, dis totaal iets anders. Ontvang mense vandag nog steeds van God die gawe om skielik 'n vreemde taal te kan praat? Sou dit nie 'n wonderlike gawe wees vir die sendingwerk nie, as 'n sendeling van die een dag op die ander skielik 'n inheemse taal kan praat nie? Hieroor gaan 'n opvolgartikel.

DIE VERSKYNSEL VAN GEESTELIKE ENTOESIASME

Dr Hannes Breytenbach

TEMA: PINKSTER / HEMELVAART

Geestelike entoesiasme

Die Christelike landskap en omgewing waarbinne die evangelie in Suid-Afrika verkondig word, lyk soos 'n veelkleurige lappieskombers. Die draad wat dwarsdeur hierdie verskillende ervarings en leringe loop, kan benoem word met die begrip "geestelike entoesiasme". Die uitdra en uitleef van die gereformeerde geloof staan teenoor die verskynsel van geestelike entoesiasme. Geestelike entoesiasme is 'n naam waaronder in hierdie artikel 'n groot aantal benaderings van kerke, groepe en bewegings geplaas word wat 'n perfekte lewe sonder sonde najaag, beheer oor die gawes van die Heilige Gees propageer, en die verhouding tussen Jesus Christus (en sy Woord) en die Heilige Gees skeeftrek.

Hierdie verskynsel kan ons terugvoer na die eerste eeue van die kerk se geskiedenis. Ons ken dit in die Metodisme wat in die eerste helfte van die negentiende eeu deur die Skotse predikante vir die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) die land binnegekom het, die Evangelical Awakenings in die VSA wat in die tweede helfte van die negentiende eeu herlewings in

die NGK tot gevolg gehad het, die Pentecostal (Pinkster) kerke wat vanuit die VSA hier ontstaan het (soos die Apostolic Faith Mission (AGS), die Volle Evangeliekerk en die Assemblies of God), die Sioniste en ander onafhanklike kerke wat hierdeur beïnvloed is, die sogenaamde neo-Pentekostalisme (of Charismatiese Beweging) soos die groot onafhanklike Rhema en Lewende Woord-gemeentes, asook die Charismatiese Beweging *binne* verskillende kerke, en deesdae ook die Spiritual Warfare Movement.

Metodistiese invloed

Die wortels van die geestelike entoesiasme het die afgelope twee eeue 'n ontwikkeling in verskillende nuanserings gehad. Die Metodisme wat sy oorsprong by die Wesley-broers het, het gelei tot die Pentekostalisme. 'n Kragdadige bekering moet vir die Metodisme gevolg word deur 'n "second blessing" van die Heilige Gees wat die gelowige *na* sy bekering as 'n tweede mylpaal op pad na volmaaktheid verkry. Dit het uitgeloop in die sogenaamde heiligheidsbewegings en die Amerikaanse herlewings. Regverdiging deur Jesus Christus op grond van bekering word gevolg deur vervulling met die Heilige Gees en is dan 'n *tweede stap* wat deur die gelowige gesoek moet word. Dit is versterk deur 'n fundamentalistiese lees van die Bybel soos dit deur Bybelskole in die VSA toegepas is, waar die Bybel 'n handleiding en voorbeeld vir die daaglikse lewe gee.

Algaande het daar 'n verskuiwing plaasgevind. In die metodisme, heiligheidsbewegings en herlewings het dit gegaan om "Christian perfection" deur vervulling met die Heilige Gees by die *"second blessing"*, soos bewys deur 'n lewe van godsvrug, soos byvoorbeeld besondere diensbaarheid in sendingwerk. In die Pentekostalisme gaan dit weer veral om vervulling met geestelike krag deur die *doop met die Heilige Gees*. Die term *"doop met die Heilige Gees"* het algaande die terme "second blessing" of "vervulling met die Heilige Gees" vervang. Die doop met die Heilige Gees verseker dan nie net 'n heilige lewe of 'n kragtige getuienis nie, maar gee mense deel aan die *gawes van die Gees*, spesifiek die gawe van glossolalie of die tongetaal as die uitwendige bewys hiervan. Die gawe van gesondmaking is eweneens belangrik.

Pentekostalisme

Die Metodisme het nog binne die bestaande kerke voortgewoeker terwyl die Pentekostalisme 'n afskeidingsgees asem. Die emosie en verlange na ervaring van die buitengewone werkinge van die Gees is groter by die Pentekostalisme. Anders as by die Metodisme, kom die verwerping van die kinderdoop by feitlik alle Pentekostaliste voor. Die Pentekostalisme bou hulle leer oor die doop met die Heilige Gees op tekste uit die boek Handelinge. Die boek word dan die bril waardeur die hele Nuwe Testament geïnterpreteer word. Wat in Handelinge beskryf word, word onhistories en heilsordelik geïnterpreteer. Dit moet altyd weer so met Christene gebeur. Die heilshistoriese eenheid en fokus van die Skrif op die magtige werk van Christus met sy Gees in sy getuienis teenoor die nasies verdwyn agter die ervaring van die geloof deur enkelinge en groepe.

Die Skrif leer ons dat die volle heil in Christus gegee is en dat die Heilige Gees die mens deur die geloof aan Christus verbind en hom so al die skatte en gawes van Christus deelagtig laat word, teenoor die Pentekostalisme wat leer dat Christus die mens regverdig maak maar dat hy nou die Gees moet soek om heilig te word. Daar word dan ook 'n aantal voorwaardes aan die mens gestel om die doop met die Heilige Gees te kan ontvang.

Die Metodisme het *nie* die verbond ernstig geneem nie. Die Pentekostalisme *verwerp* die kinderdoop egter prontuit. Dit ken geen plek vir die sakrament as heilsmiddel nie. Die doop word verstaan as 'n menslike daad van gehoorsaamheid. Die erfsonde waarin die kinders gebore is, funksioneer nie en die vryheid van die indiwidu om te kies, word gehandhaaf.

Gemeenskaplike faktore

In ons land het die Metodisme die NGK oorweldig. Die herlewingsbewegings uit die VSA weer het tot herlewingervarings gelei. Dit het die weg gebaan vir die Pentekostalisme om vroeg in die twintigste eeu te volg. Teenoor die opkomende liberale rigting van sommige predikante teen die helfte van die negentiende eeu is die herlewings voorgehou en gepaardgaande beklemtoning van sendingwerk as bewys van 'n godvrugtige lewe. Dit het tot sendingbelangstelling en sendingwerk oral in ons land gelei. Een voorbeeld sal dit aantoon.

Ds Andrew Murray junior, bekende predikant van die NGK en bekend as 'n yweraar vir die sending, het meegewerk met die Christelijke Jongelingsvereniging Zending Bond om 'n geesteskind van hom, PL le Roux, in 1893 as sendeling na Wakkerstroom te stuur. Honderde mense uit die heidendom is gedoop en 'n gemeente kon nog dieselfde jaar gestig word. Teen 1899 was daar reeds 696 lidmate. Le Roux het toenemend "geloofsgenesing" gepropageer. Hy was beïnvloed deur Murray se geskrifte sowel as deur 'n pinksterman, J Buchler. Deur Buchler het hy in aanraking gekom met 'n Amerikaanse geloofsgeneser, JA Dowie. Hy het ook die kinderdoop verwerp. Dit het hom in stryd gebring met die plaaslike NGK. Murray het hom geadviseer om sy opvattings nie in die openbaar te preek nie. In Mei 1903 het Le Roux egter die kerkverband met 'n deel van sy gemeente verlaat. Dit was die begin van wat sou uitloop op die Sioniste-"kerk" wat van die begin af klem gelê het

op genesing en doop. In 1908 het Le Roux self aangesluit by die Pinksterbeweging wat vanuit die VSA hier wortel geskiet het en in 1915 het hy president van die Apostoliese Geloofsending geword.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat histories gesien daar *gemeenskaplike faktore* in die opvattings oor die werk van die Heilige Gees in die NGK (ten spyte van die gereformeerde belydenisgrondslag), die AGS en ander Pinksterkerke, en sommige van die onafhanklike kerke is.

Ook die sendinggemeentes vanuit die werk van die sendinggenootskappe is beïnvloed deur sendelinge en "sendingvriende" vanuit metodistiese- en herlewingskring. Hierdie opvattings het min sig op die *heil as openbaring van die drie-enige God*, maar skenk baie aandag aan die *ervaring van die Gees* wat persoonlik verkry of waaroor selfs beskik kan word.

Charismatiese Beweging

Die Charismatiese Beweging of neo-Pentekostalisme het veral sedert die sestigerjare van die twintigste eeu die plaaslike Christelike landskap beïnvloed. Bestaande kerke moet dan verlewendig word deur die Pentekostalisme. Hierdie Pentekostaliste het 'n *ekumeniese belangstelling* begin ontwikkel, weg van 'n separatistiese gees. Hulle bly selfs lede van liberale kerke en die beweging het ook die Rooms-Katolieke Kerk beïnvloed.

Bestaande kerke het op hulle beurt gunstiger na die Pinksterkerke begin kyk. Onder die leiers van die beweging is daar ook teoloë wat wetenskaplike metodes gebruik. Hulle gee ruimte vir 'n rasionele teologiese benadering. Waar die Pentekostalisme veral in die laer inkomstegroepe ingang gevind het, is die charismatiese beweging meer gevarieerd en trek hulle ook soms die "elite" van die samelewing en kan soms getipeer word as 'n rykdomkultus. Die term "doop met die Heilige Gees" word deur sommige vervang met die "deurbreek van die Gees", "release of the Spirit", of "vernuwing deur die Gees". Die gawes word dikwels in meer Bybelse perspektief gestel. Die ervaring van 'n nuwe dinamiese beweging van die Gees staan vir sommige voorop. Die Geesteservaring word aan gereformeerdes verduidelik in terme van die proses om sekerheid van jou heil te hê.

Charismatiese groepe soos Rhema en die Lewende Woord-gemeentes pas die werk van die Gees nie net in terme van gawes en die vrug van die Gees toe nie, maar ook in die proses om gedrag te verander en vaardighede, sukses en rykdom te bekom.

'n Beweging wat hieraan verwant is, maar 'n eie beklemtoning het, is die Spiritual Warfare Movement. Dit word deur die "godsdienskanale" van Amerika per televisie in Suid-Afrikaanse huise ingedra. "Transformasie" word nagejaag. Die Skrif word gelees met die bril van 'n geestelike oorlog, 'n stryd tussen God en Satan waarin die oorwinnings wat behaal moet word, daagliks plaasvind en die gelowige 'n sleutelspeler is wat die oorwinning beïnvloed. Op bergspitse en deur middel van optogte word stede deur gebed van die bose gesuiwer. Die oorwinning van Christus en die uitwerking daarvan deur die Heilige Gees in die verkondiging van die evangelie, verdwyn feitlik heeltemal voor die aandag vir die indiwidu wat die moed aan die dag lê om die Satan aan te vat. Geestelike entoesiasme vir 'n post-moderne tyd.

Evangeliseer die gebrek aan Skrifkennis

Hoe evangeliseer die gereformeerde kerke die beweging van die geestelike entoesiasme? By die meeste aanhangers van hierdie rigting is daar eerbied vir die Bybel as Woord van God, of word daar 'n belangrike funksie aan die Bybel toegeken. Daarin is klaarblyklik veel ooreenkoms met die gereformeerde beskouing.

Die punt van verskil is die lees van die Bybel. <u>Hoe</u> word die Bybel gelees?

Ons fokus behoort op gelowiges sowel as kerke en kerkverbande te wees wat hulleself op een of ander manier as Bybels (of gereformeerd) aandui.

Die skat van die evangelie in die *eenheid van die geskiedenis van die verlossing* en in die *openbaringsmatige karakter* daarvan mag nie begrawe word nie. Ons taak is om die skat te ontgin en die rykdom met ander te deel. Met ander woorde om *kennisarm gelowiges* te help om die Woord *reg te hoor* en *reg te lees*. Om hieraan gestalte te gee, behoort die volgende moontlikhede oorweeg te word:

A.

1. Lei betroubare, bekwame gereformeerde predikante (uit eie geledere) op om lidmate waaksaam en strydvaardig teen dwaalleer te maak en om hulle toe te rus om te evangeliseer.
2. Lei "buite"-dosente in die teologie, predikante, ander ampsdraers en "gemeenteleiers" op, wat ander kan toerus en die onveranderde evangelie weer aan hulle gemeentes kan deurgee. Evangeliseer deur teologiese toerusting te gee.
3. Gee Bybelskoolonderrig aan belangstellendes waar die lees van die Bybel voorop staan, met aanmoediging om die verworwe kennis in die kerkregering te gaan toepas en die gemeentes te reformeer.
4. Ontwikkel en versprei Bybelstudie- en kategesemateriaal ter ondersteuning van groepe en gemeentes om die rykdom van die evangelie publiek uit te dra.

5. Stel ‘n “Gemeente-opbou”-program beskikbaar en verskaf “advies” en “gereedskap” (literatuur) aan “kerkleiers”, om insig in Christus se deurlopende en omvattende verlossingswerk te verkry, en om “vaardighede” te ontwikkel om die gemeente in ‘n Skriftuurlike sin op te bou in liefde en geloof.

B.

1. Evangeliseer deur uitreikings- en ondersteuningsnetwerke van (eie) lidmate te vorm met aanknoping na en van die gereformeerde kerkdiens.
2. Vorm Bybelstudiegroepe waar die Bybel saam met metodistiese en geestelik entoesiastiese gelowiges bestudeer word en die lewe onder die lig van God se Woord kom, deurgangstasies na en van die erediens.

ENTOESIASTIES OOR DIE WEDERKOMS…

Ds Erik van Alten

TEMA: PINKSTER / HEMELVAART

Wat doen ons met hierdie deel van ons belydenis?

Die wederkoms van ons Here Jesus Christus is deel van u en my belydenis. Ons bely immers in die Apostoliese Geloofsbelydenis: “…waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.” Hieroor sê die Kategismus in v/a 52: “Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne afwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp maar my saam met al die uitverkorenes na Hom in die hemelse blydskap en heerlikheid sal neem.” En ons bely in NGB artikel 37 dat “ons Here Jesus Christus met groot heerlikheid en majesteit uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het (Hand. 1:11), om Homself as Regter oor die lewendes en dooies aan te kondig, terwyl Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer.”

Soos met so baie aspekte van ons belydenis, leef hier egter die gevaar dat ons hierdie artikel wel as deel van ons belydenis erkén, maar op die vraag: wat baat dit jou dat jy dit alles glo?, moet ons eerlik sê: nie baie nie! Op die punt van die wederkoms *glo* ons wel dikwels ons *belydenis*, maar *bely* en *beleef* ons daardie *geloof* ook daadwerklik?

En tog is dit van die grootste belang: dit baat ons niks om aan die feite vas te hou, terwyl die realiteit van die feite nog geen plek in ons harte gevind het nie. Die feit buite ons, naamlik dat die Seun binnekort uit die hemel gaan terugkeer, moet beantwoord word met die lewende verwagting daarvan binne-in ons. Die stem uit die hemel wat sê: “Kyk, Ek kom gou”, moet weerklank vind in ons harte: “Maranata, kom Here Jesus.”

Hoe gebeur dít?

Entoesiasme en die *unio mystica*

Hoe kom daar by ons ‘n lewende verwagting na die wederkoms van Christus? Anders gestel: hoe groei daar in ons entoesiasme vir die werklikheid wat in hierdie artikel van ons belydenis vervat is? Wel, entoesiasme kom slegs deur en-toe-siasme… Entoesiasme (in sy populêre betekenis van ‘geesdrif’ en ‘besieling’[1]) ontstaan slegs wanneer ons deurdring na die oorspronklike Griekse betekenis van die woord ‘entoesiasme’. Hierdie woord is naamlik ‘n samestelling van drie Griekse woorde – *en theooi einai* – wat beteken ‘om in God te wees’. Slegs wie werklik *in Christus* is – en *Christus in hom* – ontvang die opregte verlange na die wederkoms van die Here Jesus!

Die gedagte ‘om in Christus te wees’ staan in die teologie bekend as die *unio mystica cum Christo*, die mistieke eenheid met Christus. Deur my geloof in God se beloftes word ek deel van Christus, want Hy is die inhoud van daardie beloftes; deur my geloof omhels ek God se beloftes en kry ek só deel aan die geloofsgemeenskap met Christus.

[1] Vgl. die HAT.

Calvyn skryf hieroor in ‘n brief aan ‘n sekere Vermigli in Straatsburg:

> “Sodra ons in geloof Christus aanneem, soos Hy Homself in die evangelie aanbied, dan word ons werklik sy lede; Hy word een met ons, en ons een met Hom. Dit is ‘n heilige eenwording, waardeur God se Seun ons in sy liggaam opneem om alles wat aan Hom behoort, met ons te deel. So skep Hy vir ons lewe uit sy vlees en bloed, sodat sy vlees en bloed nie ten onregte ons voedsel genoem word nie. Hoe dit gebeur, gaan my begrip te bowe; dit moet ek erken. Ek vermoed dus hierdie geheimenis méér as wat ek dit kan verstaan.”

Luther skryf ook pragtig oor hierdie eenheid met Christus:

> “Die geloof verbind die siel met Christus soos bruid en bruidegom… Alles wat hulle eie is, word gemeenskaplik – sowel die goeie as die kwade – sodat die siel wat glo, hom in alles wat Christus het, kan beroem en verheug as sy eie… So word sonde, dood en hel Christus s’n, terwyl genade, lewe en heil aan die siel behoort.”[2]



Hierdie mistieke eenwording beteken nie dat die grens tussen God en mens vervaag nie – God bly God, en die mens bly mens. Nee, hierdie vereniging met Christus word slegs voltrek deur middel van die geloof in God se beloftes soos wat dit in die evangelie vir ons aangebied word. Alles wat Christus gedoen het – sy volledige lyding en sterwe – het vir ons geen enkele waarde solank as wat Hy buite ons is en ons van Hom geskei is. Daarom móét Hy ons s’n word, Hy moet in ons woon om aan ons mee te deel wat Hy van die Vader ontvang het. Slegs wanneer ons so innig met Christus verbonde is dat Hy ons hele lewe word, slegs *dán* kom daar ‘n opregte verlange na sy wederkoms, ‘n opregte verlange dat die mistieke eenheid van die geloof kan oorgaan tot die eenheid van aanskouing! So sal ons altyd by die Here in die hemel wees (1 Thess. 4:17b).

Moet u nie misgis nie, daar is genoeg mense wat na die hemel verlang. Wie sou nie graag in die hemel wou kom nie? *Maar*, mense verlang na ‘n hemel waar jy jouself kan geniet, waar die goud op die strate lê, reg om opgeraap te word, ‘n hemel waar daar altyd fees gevier word. Mense verlang na ‘n hemel wat nie minder hemel sal wees as die Here nie daar is nie… Maar dit is nie waaroor die hemel gaan nie. Die hemel is ewige gemeenskap met Christus! In die hemel gaan dit vanaf die begin tot die einde oor Jesus Christus en oor die gemeenskap met Hom. Die hemel is daarom slegs bedoel vir dié wat vandag al in geloof daardie gemeenskap beleef, en die Maranata-roep is slegs van harte by wie vandag al ‘in Christus’ is…

Dit is die enigste Skriftuurlike antwoord op die vraag hoe ons entoesiasties oor die wederkoms gaan word, naamlik deur ‘in Christus’ te wees! Wie hier op aarde Christus nie as sy hoogste goed (Ps. 16:2) ken nie, vir hom word die wederkoms ‘n dooie artikel van sy belydenis. Die wederkoms van die toekoms word bepaal deur die mistieke eenheid van nou; die wederkoms-entoesiasme word gevoed deur die ware en-toe-siasme – eenheid met Christus!
Maar hoe kan ons konkréét in ons verlange na die wederkoms *groei*?

Die wederkoms in die gemeentelike lewe

In die eerste plek wil ek wys op die plek van die wederkoms in die prediking: die prediking is die verkondiging van God se groot dade vanaf skepping tot voleinding, in besonder sy groot werk in Christus Jesus. Wie dit verkondig, verkondig die lewende en heersende God wat alles in sy hand hou en wat vir ons belowe dat Hy die oorwinning, wat Christus aan die kruis behaal het, sal voltooi by sy wederkoms. Die prediking dra hierdie belofte voortdurend verder die toekoms in totdat Christus op die wolke terugkom. Jesus self sê immers: “En hierdie evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wêreld tot ‘n getuienis vir al die nasies; en dan sal die einde kom” (Matt. 24:14). Die prediking op Sondae moet dus altyd prediking wees van Jesus Christus in die lig van sy wederkoms op die wolke. So kom daar opening vir die Gees om te bou aan die mistieke eenheid van die gelowige met Christus, en so word die Maranata-roep al hoe sterker!

In die tweede plek wil ek wys op die plek van die wederkoms in die liturgie: die samekoms van die Drie-enige God met sy volk staan altyd in die spanning van die ‘reeds’ en die ‘nog nie’. Die heil is reeds iets van die hede, en die gemeente mag tydens die erediens, in haar gebede, belydenis en sang, ten volle daarin deel. En tog is Christus en die gemeente, Bruidegom en Bruid, nog op pad na die komende fees. Hoewel nog voorlopig en gebrekkig, is die aardse liturgie ‘n voorsmaak van die liturgie wat kom. Die weeklikse eredienste is die voorspel wat ons inoefen, sodat ons binnekort die lied des te beter kan saamsing wanneer God alles en in

[2] Uit: M. Luther, *De libertate christiana* (Oor die vryheid van ‘n christenmens).

almal sal wees (1 Kor. 15:28). Die liturgie op Sondae rig dus ons aandag op die wederkoms van Christus waar ons God en al sy heiliges in volmaaktheid sal ontmoet.

Ten slotte wil ek wys op die plek van die wederkoms in die huisbesoek: ons kan die huisbesoek kortweg omskryf as die gesprek oor Christen-wees en persoonlike geloof in hierdie tyd en wêreld. Om as Christen in hierdie wêreld te lewe, beteken dat jy ook 'n intense verwagting behoort te hê na die koms van die Here, en dat jy die derde bede van harte leer bid: laat u Koninkryk kom! Tydens die huisbesoek moet die onderherders die skape se blik voortdurend hierop rig, en so die verwagting daarna laat groei.

Uit bogenoemde blyk dat ons hele gemeentelike lewe eskatologies[3] gekleur is (behoort te wees). Dus is die kerk die plek by uitstek waar die Here ons wil laat groei in ons gemeenskap met Christus en ons verlange na sy wederkoms. Laat ons daarom kerk wees soos Christus dit bedoel het!

[3] Eskatologie = die leer van die laaste dinge (bv. die duisendjarige ryk, die tekens van die tye, die wederkoms, die laaste oordeel).

Kultuur en geloofsbelewing: vir die "frozen chosen"

Hans Moes

KERKLIKE LEWE

Die kerk-kultuur in die blanke kerke in Suid-Afrika kom deurgaans voort uit die Europese kerk-kultuur en vir die protestantse kerke dan besonderlik uit die reformasietyd. Die kerk-kultuur bepaal onder andere die vorm van die eredienste en die belewing van die geloof. By sendingwerk is die gevaar dat die Europese kultuur regstreeks gekoppel word aan die evangelie van Jesus Christus: dit kom in sy Europese vorm en die verwagting is 'n "Europese" belewing. Waar lê die grense tussen kultuur en Christenskap? Dit is belangrik om dit te probeer bepaal terwyl daar steeds meer sendingkerke selfstandig word en opgeneem word binne die kerkverband van die VGKSA. Die Gees van Pinkster is nog steeds werksaam.

In *Clarion* (11/7/1997) het ds Paul Aasman 'n redaksionele artikel gewy aan die plek van emosies in die erediens. Hy beskryf die twee uiterstes uit die ou Griekse kultuur, die **Epikureërs** en die **Stoïsyne**. Die Epikureërs het gemeen dat emosies die enigste goeie gids vir die lewe is. Alle waarheid is gegrond op ons emosies, ons gevoelens van plesier en pyn. Die gevoelens van plesier moet nagestreef word en pyn moet vermy word. Die Stoïsyne beweer die teenoorgestelde: emosies en gevoelens is misleidend. Ons moet strewe na 'n rasionele lewe, gelei deur ons verstand, vry van misleidende emosies.

Tradisioneel gereformeerde Christene, aldus ds Aasman, neig na die Stoïsynse manier van lewe, na die rasionele benadering van die waarheid. Ons lewe en ook ons eredienste moet rustig en bedaard wees en ons verstand eerder as ons emosies aanspreek. Emosies gee aanleiding tot erediens-uitwasse soos die mistiek, subjektiwisme, opwekkingbewegings, "Toronto blessings", ens. Die vraag by eredienste word dan: was dit vir **ons** aangenaam en is ons **emosioneel** weer gelaai? Hierdie uitwasse het gereformeerde Christene sku gemaak vir subjektiwisme en emosies in die erediens. Maar moet ons dan beweeg na die ander uiterste, die Stoïsynse manier van lewe en van eredienste hou?

Aasman meen hierdie ander uiterste is onmoontlik en misplaas. Emosies is nie in hulleself sondig nie. Hulle is deel van God se goeie skepping en het nie eers ná die sondeval in die wêreld gekom nie. Ook ons emosies is verlos deur Christus en kan in die sentrum van die Christelike lewe bly. Want met watter boodskap kom die evangelie na ons toe, hoe word die wet vervul? Deur **liefde**. Daarby soek God nog meer emosies in ons lewe: berou en bedroefdheid oor en haat van ons sondes, vreugde in Jesus Christus se verlossingswerk, vertroosting deur die Heilige Gees, vertroue in God die Vader. Almal emosies wat die geloof in ons behoort op te wek. Geloofskennis kan nie ons hart koud en styf laat nie.

Dus beide die Epikurese en Stoïsynse manier van lewe is onvanpas. Rede en emosie moet nie teen mekaar uitgespeel word nie. Hart en verstand moet verenig wees, ook in die geloofsbelewing. So het God die mens geskape.

Maar tot watter mate moet emosies dan vorm en uiting vind in ons eredienste? Aasman stel dat ons erediens gegrond moet wees op kennis. Ons moet weet wat God ons leer in die Bybel. Diens aan God kan slegs gebaseer wees op God se Woord en nie op menslike voorskrifte nie. Maar die waarheid van die Bybel is kragtig en bewerk groot dinge: kennis van God en van die mens, asook verligting en vreugde in ons hart. Die eredienste moet nie net 'n rasionele beroep op ons verstand wees nie, maar ook 'n oproep tot ons hart. Die psalm na die Woordverkondiging moet 'n antwoord wees van sonde-verdriet en geloofs-vreugde uit die hart. Maar dit moet verbind wees aan 'n verstand wat verlig is deur God se heilige Woord. Die Heilige Gees se krag van Pinkster moet ons harte aangryp, maar nie ons verstand eenkant skuif nie. Die vreugde van verlossing moet deurklink in ons eredienste. Aldus ds Aasman.

Dus, moet ons dit nou in die eredienste toelaat of aanmoedig om "halleluja" of "amen" te roep? Moet ons hande klap van blydskap? Moet die prediker vrae vra om te peil of die blye boodskap die harte beroer? Die uitings van emosie sal seker van kultuur tot kultuur verskil. Die Jode in Jesus se tyd het meer emosioneel na die prediking geluister en die Prediker selfs een keer tydens 'n preek uit die sinagoge gesleep om Hom dood te maak (Lukas 4:28). In die eerste Christelike kerke in Klein-Asië en Griekeland was daar aktiewe deelname aan die eredienste deur die kerkgangers, soos deur die spreek in tonge en tale en deur profesieë. Die Reformasie het sy inslag en karakter ontwikkel in Wes- en Noord-Europa. Die mense in hierdie streke was minder emosioneel van aard as die mense van Suid- en Oos-Europa. Dit het die rustige, eerbiedige en verstandelike karakter van gereformeerde eredienste mee bepaal. Dis hoe hulle gemeen het is die regte manier om na God se heilige Woord te luister.

Daar is **swart gereformeerde kerke in die VSA** wat ons kan help om 'n bietjie perspektief te kry. Hulle leerstellings berus op die gereformeerde belydenisskrifte, die vyf reformatoriese "sola's" en die "vyf punte van die Calvinisme". Die laaste is ontleen aan die Dordtse Leerreëls en word in Engels afgekort met "***TULIP***" : *Total depravity* (algehele verdorwenheid van die mens), *Unconditional election* (uitverkiesing sonder voorwaardes), *Limited atonement* (versoening slegs van die gelowiges), *Irresistable grace* (onweerstaanbare genade) en *Perseverance of the saints* (volharding van die heiliges). In 'n onderhoud met twee van hul kerkleiers, ds Xavier Pickett and mnr Anthony Carter, wat geplaas is in *Reformed Perspective* van Mei 2006, word die saak van kultuurverskille met blanke gereformeerde kerke in Noord-Amerika ook aangespreek.

Die swart Amerikaners van Afrika/slawe van oorsprong noem hulleself Afrika-Amerikaners, in onderskeid van die blanke Amerikaners en die Indiane. Die swart gereformeerde kerke meen dat hulle Afrika-Amerikane kan bly ook as hulle gereformeerd word. Hulle hoef nie hulle kultuur op te offer vir 'n blanke/Europese kultuur nie. Dit betref ook hulle geloofsbelewing en eredienste. Hulle stel dat die heilsgeskiedenis geen swart geskiedenis of blanke geskiedenis of bruin geskiedenis is nie, maar God se geskiedenis. Die swart kerke het hul eie tradisies ontwikkel, wat hul eie mense aanspreek.

By gereformeerdes is die Bybelse Waarheid, tereg, van groot belang. Die geloofsbelewing van die swart mense, net soos van ander gelowiges, moet in lyn wees met hierdie Waarheid. Die onderskeid tussen swart en blanke gereformeerde kerke is veral sigbaar in die styl en die toepassing van **preke**, in die liturgiese **musiek**, en die **gemeenskapsbetrokkenheid**. Een van die predikante noem die blankes, wat blykbaar uiterlik emosieloos die oorweldigende heil van God se genade en uitverkiesing kan preek en aanhoor, die "***frozen chosen***", die gevriesde uitverkiesdes. So 'n groot genade, nogal van ewigheidswaarde, kan 'n swart man net nie emosieloos aanhoor nie. Hy/sy moet sy emosies uiter. Net soos die Jode wat na die toespraak van Petrus op die Pinksterdag geluister het (Hand. 2:37).

Wat betref die preekstyl, is daar in swart kerke 'n sterk wisselwerking tussen die hoorders en die prediker, in die vorm van "woord en antwoord". Die hoorders resoneer tydens die preek met uitroepe soos "amen", "halleluja" of "vertel ons". Verder moet die **toepassing** van die preek betrekking hê op die leefwêreld van die hoorders. Kulture wat sterk onder sosiale druk staan, moet wel hoor van die deug van Christelike nederigheid, maar mag beslis ook hoor dat hulle deel is van God se koninklike familie. Slawe mag weet dat hulle in Christus een is met hul base. Menslike verdrukking staan in kontras met God se verlossende genade. Die leefwêreld van stadsbewoners is ook anders as die leefwêreld op die platteland.

Die betrokkenheid van die swart kerke by die breë gemeenskap is deurgaans ook sterker as dié van die blanke kerke. Terwyl blanke Christene/kerke in die VSA maar bra afsydig staan van die breë gemeenskap waarin hulle woon, voel die Afrika-Amerikaner hom meer betrokke by sy gemeenskap. Daar is aksies om die jeug op te

vang met speletjies, kos en Bybelstudie. Die kerk is bekommerd oor die mense in sy gemeenskap. Daardeur word die kerk aanvaar as deel van die gemeenskap. Die kerk kan so 'n lig in die gemeenskap wees. As die kerk sou sluit, sou die gemeenskap moet agterkom dat hulle iets mis, veral omdat God se fundamentele aanpak om die gemeenskap ten goede te verander, dan weggeval het. Dit is opwindend om te sien hoe die gereformeerde geloof aanslaan by die swart gemeenskappe in die VSA. Meer inligting oor die swart gereformeerde kerke in die VSA is beskikbaar op hulle webwerf www.reformedblacksofamerica.org.

In ons situasie in die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika beweeg ons steeds meer na 'n multi-kulturele kerkverband (kyk dr Breytenbach se redaksionele artikel in die Maart-uitgawe van *Kompas*). Dit beteken dat mense van verskillende kulture en met verskillende emosionele vlakke van geloofsbelewing binne een kerkverband begin funksioneer. Daarin moet ons mekaar akkommodeer, nie net wat taalgebruik betref nie, maar ook op die vlak van emosionele aspekte van die erediens en geloofsbelewing.

Die Kerkorde bepaal in groot lyne hoe ons eredienste ingerig moet wees. Maar die tradisie bepaal byvoorbeeld watter interaksie daar moet wees tussen die prediker en die hoorders. Verder speel kultuur en tradisie ook 'n rol in die musiek, psalms, gesange, skrifberymings en liedere wat in die eredienste gesing word. Dit mag verskil van die een kerk tot die ander. Daar moet voldoende vryheid wees om verskille toe te laat. Sinode-voorskrifte moet nie méér bind as wat die Skrif en die Belydenis bepaal nie. Die norm bly steeds: wat is diensbaar aan die verstaan van die evangelie deur die mense en wat is diensbaar aan die eer van God.

Sendingkerke moet nie noodwendig in dieselfde tradisies ingedwing word as waarin die blanke kerke gemaklik voel nie. As hulle beter en minder Europees-tradisionele maniere vir erediens en liturgie voorstel, dan moet sodanige voorstelle oorweeg word. As hulle maniere sien om meer diensbaar te wees aan die reformasie van die samelewing, dan moet dit toegejuig word. Solank onthou word dat dit in die kerk nie primêr gaan om menslike emosies nie, maar om die geloof te vestig en te versterk in die harte van mense en dit te laat uitwerk in hul dade, gerig op die eer van God en die koms van sy Koninkryk. Dan kry ons nou reeds 'n voorsmaak van die veelkleurige liturgie in die Nuwe Jerusalem, waar ons saam vergader sal wees.

Die Heilige Gees leer ons om gelowig op God se beloftes te reageer

Skrifoordenking na aanleiding van 2 Korinthiërs 1:20-22

Ds EL van't Foort

VENSTER OP DIE BYBEL

Daar word ten minste vier maniere genoem waarop die Gees met gelowiges werk.

1. *Hy bevestig ons: die beloftes van God is sterk*
2. *Hy salf ons: die beloftes van God is vir ons*
3. *Hy verseël ons: die beloftes van God is waar*
4. *Hy waarborg ons: die beloftes van God word vervul*

1. God het mense geskape as skepsele wat die vermoë het om te kies! Hy wil mense wat bewus vir Hom kies, om Hom te eer en te dien. Met die een loop God hierdie pad om Hom te leer ken, met 'n ander loop God weer 'n ander pad om by Hom uit te kom. Die een word uit gelowige ouers gebore, 'n ander ontmoet God op 'n latere leeftyd, ook weer deur middel van mense wat glo. Hier is geen sprake van breinspoeling, van dwang, of van outomatisme nie. Nee, want juis daarmee is die Here glad nie bly nie.

God wil hê dat mense heeltemal vrywillig, van harte en oortuigend vir Hom kies. God bring hulle in aanraking met sy Woord vol beloftes. In die Dordtse Leerreëls, hfst III/IV, art 11 en 12, lees ons op 'n pragtige manier oor die pad wat God die Heilige Gees volg om mense tot 'n lewende geloof in God se beloftes te bring.

Die eerste belofte na die sondeval is reeds in die paradys gegee. Dit word die moederbelofte genoem. En in hierdie belofte word dit reeds duidelik waaroor dit gaan. In die paradys het die mens self daarvoor gekies om na die duiwel te luister en om ongehoorsaam aan die Here te word. Die gevolg hiervan was vreeslik: die mens het die dood verdien: vir ewig vervloek. Maar die Here het uitkoms gebied: 'n Middelaar wat hierdie ewige vloek in die plek van die mens sou dra. En hierdie belofte het Hy waar gemaak! Elkeen wat hierdie belofte glo, elkeen wat glo dat God in sy groot liefde vir die mens en vir die hele skepping sy eie Seun opgeoffer het, word gered van hierdie vreeslike vloek.

Ja, die Here Jesus Christus het gekom! Hy het mense deur sy kruisdood gered. Almal wat dit glo, mag deel in hierdie ewige redding en lewe!

Kyk, Christus, Hy is God se "ja" vir mense wat in sy liefde mag deel (vs 19). En as God "ja" vir jou sê, as Hy sy beloftes aan jou wil gee, dan is jou "amen" die reaksie waarmee Hy bly is.

Nou kan 'n mens wel spontaan op 'n mooi aanbod reageer, 'n mens kan wel van harte 'n veelbelowende verhouding aangaan, maar hou jy dit vol?
Die verhouding wat God met jou aangaan, word 'n verbond genoem. 'n Verbond van liefde. Liefde van God vir jou. En jou antwoord van liefde vir God.

Maar 'n verbond moet onderhou word. Jy moet daaraan werk. Net soos met 'n huwelik.

En daarom hou God se beloftes nie op by die aanbod van sy liefde in Christus nie. Nee, God belowe ook sy Heilige Gees. So kom woon God Self in jou hart. Om sy verhouding met jou te onderhou en te laat groei.

Die eerste woord in ons teks wat daarvoor gebruik word, is: ***bevestig***. Ja, God belowe werklik heerlike dinge aan ons, soos wat ons ons nie kan voorstel nie. Sy beloftes is nie leë woorde nie. Nee, dit wat Hy belowe – vergewing van sondes, die Heilige Gees, die geloof, sy liefde, sy krag, die ewige lewe – al hierdie beloftes maak God ook vas. Kom ons gebruik die voorbeeld van 'n verkoper op die mark: as 'n koop op die veemark gesluit word, gebeur dit dikwels deurdat die verkoper en die koper in mekaar se hande klap. Net so bevestig God sy belofte aan ons: die gelowiges mag weet: die koop is gesluit. Daar is vir ons betaal. God het ons gekoop met die bloed van sy eie Seun. Ons behoort aan Hom. God bevestig voortdurend dat ons by Hom behoort. Daarom roep Hy ons kerk toe, sodat ons dit telkens weer hoor, sodat hierdie pragtige belofte telkens weer vir ons bevestig word.

Dit is soos met 'n pragtige geskenk wat deur iemand aan jou belowe is. Dit staan nog by hom in 'n glaskas. Maar jou naam is reeds daarby geskrywe. Jy gaan kyk telkens weer om vir jouself te bevestig dat die beloofde skat regtig vir jou bedoel is.

2. God het ons ook ***gesalf***. In die Bybel beteken dit telkens dat jy die Heilige Gees ontvang het. Deur die Gees word ons geroep en toegerus om die beloftes van God vas te hou. Ons word geroep om aan God te behoort. Om sy beloftes aan te neem. Om te glo wat Hy vir ons sê. Maar omdat ons dit nie uit onsself kan doen nie – watter mens kan ooit uit eie krag en met eie insig God se "ja" vir jou verstaan en aanneem? – daarom maak die Gees ons ook bekwaam om God se beloftes vol vertroue te aanvaar. Ons word geroep om gelowig op God se "ja" vir ons te reageer. Met 'n lewe vol oorgawe, met ons liefde vir Hom wat ons roep. Met ons lewensdoel om Hom met ons "amen" altyd te eer. Ja, amen, Here God, hoe goed is dit om U te mag ken, om U te mag eer, om vir U te mag lewe, nou reeds en sonder ophou, tot in ewigheid.

By die salwing deur die Gees kan ons dink aan Psalm 133. Die olie word so oorvloedig oor die kop van die priester uitgestort dat dit langs sy baard afloop, en oor die kraag van die priesterklere tot op die liggaam van die priester kom. Wanneer Christus die Hoof van sy gemeente genoem word, dan kan hierdie beeld deurgetrek word na vandag: Christus is so oorvloedig gesalf met die Gees van God dat hierdie Gees ook die liggaam van Christus, die gemeente, al die gelowiges, raak. Daarom kan Johannes sê: "En julle het die salwing van die Heilige en weet alles." (1 Joh 2:20). Dit beteken dat jy as priester jou lewe aan God wy en jouself in diens van jou naaste stel. Wie in die beloftes van God glo, wil nie anders nie as om dankbaar en heeltemal vrywillig vir God te lewe. Hierdie wilskrag maak jou geloof tot 'n geloof wat lewe en werk en vrugte dra. Vir hierdie wonder van God in jou lewe, kyk: Dordtse Leerreëls, hfst III/IV, art 12. Dis nie vanselfsprekend nie. Elke geskenk van God, ook die geskenk van die Heilige Gees, gee jou terselfdertyd die verantwoordelikheid vir die manier waarop jy met hierdie geskenk omgaan. God salf jou met die Heilige Gees. Dan is jy geroepe om te reageer. Van harte! Met 'n hart wat vol is van God.

3. God die Gees het ons ook ***verseël***. As jy 'n seël op iets plaas, sê jy daarmee dat dit jou eiendom is en dat jy nie wil hê dat iemand anders daaraan vat nie. God wil nie hê dat iemand jou van Hom af wegneem nie. 'n Seël sê: bly weg! Pasop dat jy nie die seël verbreek nie. Dan het jy inbreuk gemaak op my eiendom. So is jy ook God s'n. Die doop is so 'n seël dat jy sy eiendom is. So seker as wat jy gedoop is of word, so seker is God se beloftes vir jou.

4. Twyfel jy soms nog? Dit is verstaanbaar. Want alles wat God belowe, en alles wat Hy van jou vra om te glo, is sulke ongrypbare dinge, onsigbaar, 'n geestelike wêreld. Sou dit regtig so wees? Ja, jy mag dit verseker weet. God gee aan jou 'n onderpand! Sy Gees.

Ja, maar hoe weet ek dat ek die Gees het? Jy glo tog?! Dit is die werk van die Gees. Jy kry gawes van die Gees. Jy sien vrugte in jou lewe. Jy ervaar die aanwesigheid van die Gees, omdat jy 'n afkeer kry aan verkeerde dinge. Jy voel sleg oor jou sondes. Jy glo dat slegs Christus jou redding is. Jy kom agter dat jy daarom dankbaar verder wil gaan.

In 2 Korinthiërs 5 lees ons wat dit nog beteken dat ons die Gees as onderpand het: Hy is vir ons die ***waarborg*** dat ons die ewige lewe het.

Dit beteken glad nie dat ons onsterflik is nie. Nee, want ons liggaam is op hierdie aarde 'n sterflike liggaam. Daarom ervaar ook gelowiges soveel moeite, pyn, teenslae, verdriet en liggaamlike agteruitgang. Maar innerlik groei hulle teen die verdrukking in. Ja, seker, jou liggaam gaan agteruit. Geen mediese ontwikkeling kan dit stuit nie. Maar innerlik groei jy, word jy steeds sterker.

Danksy die werk van die Gees. 'n Pragtige waarborg dat alles sal regkom. En dit is beslis nie 'n gelukkige einde van 'n sprokie nie, maar dit is werklik waar. Want dit is God se "ja" vir jou. Die Heilige Gees is aan jou gegee om jou daarvan te oortuig.

Gesin en Christelike feesdae, hoe vier ons dit?

Anneke Begemann

OPVOEDING EN ONDERWYS

Christusfees, Lydensfees, Pinkster, Hemelvaart en Sondae. Hoe vier ons dit in die gesin?

Inleiding

Paaseiers, kersversierings? Die wêreld vier die verskillende Christelike feesdae op hul manier. Baie geld word bestee. Ons loop saam met ons gesinne in die winkelsentrums rond en word oorval daarmee. Hoe staan ons daarteenoor? Raak ons soos die wêreld of dra ons nog werklik die heilsfeite aan ons kinders oor? Hoe kan ons Kersfees, die Lydensfees, Hemelvaart en Pinkster saam in ons gesinne vier? Of is dit iets wat die onderwysers in die skole aan ons kinders moet oordra en waaroor op Goeie Vrydag en Sondag gepreek word?

Dringend en vriendelik spoor God ons aan in Jesaja 55:2-3 : *"Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. Neig julle oor en kom na My toe."* Dit neem tyd, aandag en konsentrasie in beslag. In die gejaagde lewe is dit dus noodsaaklik dat ons daagliks tyd maak om met God se Woord besig te wees. Ons mag tog met Hom wandel? Soms moet jy as ouers veg vir so 'n stuk gesinsrus deur byvoorbeeld telefone af te skakel tydens Bybelstudie. So laat ons dan aan ons kinders sien dat die dien van die Here eerste staan.

Geloof en geloofslewe

Om ons kinders op te voed in die Christelike geloof het baie te doen met **ons eie geloof en geloofslewe**. Wat beteken God in ons lewe? Watter plek is daar vir Hom in ons besige lewe? Leef ons uit Christelike tradisie en hou ons ons daarom so netjies aan die reëls? Of is ons so vol van ons Hemelse Vader se trou, liefde en grootheid dat ons nie daaroor kan stilbly nie?

Vertel

Die Here wil hê dat ons oor Hom sal **vertel** en sy beloftes aan die/sy kinders moet deurgee, soos gesê word in Deuteronomium 6:5-8 : *"Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag. En hierdie woorde wat ek jou beveel, moet in jou hart wees; en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan. Ook moet jy dit as teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees."* Dit is belangrik dat ons oor die Here vertel en nie net sê wat mag en wat nie mag nie.

Die Here sê in Deut. 6:20 *: "As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die Here onse God julle beveel het?"* As u verder lees val dit op dat daar eers vertel word wat die Here vir sy volk gedoen het, van sy wonders en geweldige trou. Eers daarna word die belang van goeie reëls uitgelê. Ons kan ure met ons kinders praat oor wat wel en nie mag nie. Dit is maklik om daaroor te praat. Tog is dit belangrik om soos in die Ou Testament 'n gewoonte daarvan te maak om spontaan te vertel wie die Here is, wat Hy vir sy volk gedoen het en wat Hy nou vir ons doen.

Ekstra geleentheid

Ons Christelike feesdae gee ons nog **ekstra geleentheid** om oor die Here en sy wonderlike genade en sorg vir ons, as sy kinders, te vertel. Die gesin kan saam in die Bybel lees oor die spesifieke heilsfeite en ook verwysende dele in die Bybel naslaan. Dit is sinvol dat kinders van jongs af goeie Bybelkennis ontwikkel. Jong kinders kan al gou kort eenvoudige tekste uit die Bybel leer. Die digter van Psalm 119 sê dat hy God se Woord in sy hart gebêre het, sodat hy nie teen God sou sondig nie. Die belang van gesprek en studie oor die heilsfeite in die gesin kan verder beklemtoon word deur wat ons lees in die gelykenis van die saaier (Matt 13). Onder andere val daar 'n deel van die saad in die pad en word deur die voëls opgeëet. Die verklaring in vers 19 is baie duidelik: *"As iemand die woord van die koninkryk hoor en nie verstaan nie, kom die bose en roof wat in sy hart gesaai is – dit is hy by wie langs die pad gesaai is."*

Erediens

Op feesdae is dit die gebruik om 'n **erediens** by te woon. Die Woordverkondiging fokus dan juis op die heilsfeite wat daardie dag herdenk word. Ons kinders gaan saam kerk toe. Of hulle na die preek luister of nie, die vraag wat ons moet vra is of hulle verstaan waarom ons kerk toe gaan. Daarmee saam is die gesprek in gesinsverband en die werking van die Heilige Gees baie belangrik, sodat die saad nie langs die pad val en die kinders dit glad nie verstaan nie. Die doodsgevaar is dat die Satan roof wat daar in die hart gesaai is. Die beelde wat vandag in die media, winkels en selfs huise geskep word, komplementeer nie die kwessie van verstaan nie.

Inteendeel, die waarheid word vir ons kinders verberg. Ons lees in vers 22 van dieselfde gelykenis: *"En by wie in die dorings gesaai is – dit is hy wat die woord hoor, maar die sorg van die wêreld en die verleiding van die rykdom verstik die woord, en hy word onvrugbaar."*

Sang

Die gesprek kan verder ook aangevul word met **sang**. Ons praat nie verniet van **fees**dae nie – sang en musiek hoort daarby, omdat dit baie vreugde en krag in die gesin werk. Behalwe dat musiek die stemming bepaal, is dit ook 'n opdrag, 'n bevel. Efesiërs 5:19 spreek van hartlike sang "tot eer van die Here". So ook praat Kolossense 3:16 van lering en vermaning met psalms en lofgesange. In Psalm 92:2 bely die digter:. *"Dit is goed om die Here te loof en tot eer van u Naam te psalmsing"*

Gebed

So is die **gebed** ook 'n noodsaaklike deel van die huisgodsdiens. Vir die verstaan van die Skrif is die eie Verklaarder nodig: die Heilige Gees. Hy alleen kan die woorde verder bring as die oor en die verstand, naamlik tot in die hart. Om die kinders daarin te betrek, kan voor die gebed gevra word waarvoor ons moet bid – waarvoor kan ons Hom dank. Die Bybelgedeelte bevat baie keer dinge waarvoor ons die Here kan dank en bid. Ons mag van God baie vra en baie verwag. In Psalm 81:11 sê Hy: *"Ek is die Here jou God wat jou laat optrek het uit Egipteland; maak jou mond wyd oop dat ek dit kan vul"*.

Heidense gebruike

By die vier van Christelike feesdae kan ons so maklik verlei word deur heidense gebruike, waarvan ons nie noodwendig die betekenis weet nie. Exodus 23:19b lui: *"Jy mag die bokkie nie kook in sy moeder se melk nie."* Dit is 'n verbod deur God ingestel om die heidense gewoontes van die Kanaäniete teen te staan. Die Kanaäniete het geglo dat hulle gode van vrugbaarheid op 'n goeie manier sou beïnvloed deur die klein bokkie in die melk van haar moeder te kook en die vog oor alles wat op die land lewe, te besprinkel. Met hierdie verbod bly die Loofhuttefees, die fees van die oes, gevrywaar van heidense/wêreldse invloede.

Wêreldse invloede

Vandag wil God ook ons feesdae van wêreldse invloede vrywaar. Wil ons hê dat die heidense/wêreldse invloede ons feestelike stemming bepaal of het ons genoeg aan God en sy Woord om ons in die regte stemming te plaas? Kan kersbome en kerse ons Kersfeesviering nie moontlik armer maak nie? Plaas sulke soort van feeselemente ons fokus nie maklik weg van God se Woord nie? Nie noodwendig nie, maar die gevaar bestaan wel.

'n Bietjie toelating van heidense invloede en gewoontes kan 'n invloed op die volgende geslagte hê. As ons Rigters 2:7-12 lees, getuig dit van die gevare van afval deur die geslagte heen indien daar nie gehoorsaamheid aan God se Woord is nie en nie by die verwondering van sy weldade stilgestaan word nie. As daar dus 'n bietjie van die wêreld toegelaat sou word, *"staan daar 'n ander geslag na hulle op wat die HERE en ook die werk wat Hy vir Israel gedoen het, nie geken het nie."* Die gevaar bestaan dat ons volgende geslag(te) (ons kinders) hulle fokus meer begin plaas op addisionele ingestelde wêreldse vorme van feesvier en sodoende al meer verarm raak van die Woord van die Here.

Rykdom van God se Woord
Laat ons bewaar word van God se toorn waarvan ons in Amos 5:21 lees: *"Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan jul feestye nie."* Hy het die volk se offers nie met welgevalle aangeneem nie, want hulle het vir God offers gebring, maar ook hul beelde en stergod vir hulle gemaak (vs 25 en 26). Dus God, maar ook 'n bietjie heidense/wêreldse invloed, die twee kan nie vermeng word nie. Ons jaloerse God het daarin geen welbehae nie!!!!!

Ouers het die doopbelofte om na te kom. Laat ouers hulle dan ook met die viering van Christelike feesdae aan hierdie belofte van opvoeding herinner word en hulle knie gehoorsaam buig vir die Woord van onse God. Ons het die opdrag om die heilsfeite van sy werk aan die volgende geslagte oor te dra. Wees dan versigtig vir die wêreldse invloede wat die rykdom van God se Woord uit die harte van ons en ons kinders kan wegruk.

Geloofservarings in Engeland

Theo de Vries

SAMELEWING

Senuagtig ry ek Sondagoggend vir my eerste besoek aan 'n kerk in Engeland. Hoe sal dit wees? Is dit wel 'n ware kerk (die VGK korrespondeer nie met hulle nie) en onderskryf hulle die drie formuliere van eenheid? Wat sing hulle en met watter instrumente? Psalms alleen, orrel, liturgie, drie punte in die preek, 'n kollektesakkie en VVB? Wat is vrymaking, tug, drie formuliere van eenheid, uitverkiesing en "in sonde ontvang en gebore" nou weer in Engels? Vinnig maal my brein deur al die keuringsvrae waaroor ek al soveel keer gedebatteer het op vereniging.

Ongesiens probeer ek voor die diens verby die deurwagter glip om moeilike vrae te vermy, maar dis te laat. "Baie hartlik welkom by ons kerk. My naam is Mike Johnson." Vinnig mompel ek my naam en ek hoop dit gaan al vrae wees. "Waar kom u vandaan?" Ek reageer toepaslik. "Wat maak u in Engeland?" A, dis 'n maklike vraag, daarmee kan ek die tyd volmaak. Maar gou genoeg word die vraag na 'n belangriker een gelei. "Is u 'n Christen?" Wat vir 'n vraag is dit, dink ek by myself. "Ek's eintlik van die Vrye Gereformeerde kerke in Suid-Afrika, wat gevorm is ná die Vrymaking in Nederland in die 1940's toe die sinode Kuyper se leer oor die veronderstelde wedergeboorte wou afdwing op kerke; ek dink ook dit het iets met psalms en gesange te doen gehad, maar ek's nie seker nie."

Die belangstellende Engelsman se gesig is nou die ene vraagtekens. "Ag, vergeet maar wat ek sopas probeer verduidelik het. Ja, ek is 'n Christen." "A, ek is so bly om dit te hoor", sê die Engelsman. "Ek hoop u voel baie tuis in die kerk; het iemand u al genooi vir ete vanmiddag?" "Hmm, nee, hoekom? Is dit julle gewoonte?" My vraag word baie gou beantwoord. Binne die volgende 5 minute word ek deur nog 2 ander mense by die deur gegroet, welkom geheet, dieselfde vrae gevra en word ek ook vir ete genooi. Binne-in die kerk herhaal die storie hom weer 'n paar keer. Dié keer is ek wys genoeg om nie weer die Vrymaking te probeer verduidelik nie. Wat gaan aan met die mense? Ek is nie die pous nie!

"Wie is die 3 manne by die deur?", vra ek aan die persoon wat langs my kom sit. "O, dis 'n ouderling, die dominee en 'n deurwagter. Hulle doen dit elke week, omdat hulle graag die nuwe mense wil ontmoet en laat tuis voel." Ek waag nog 'n vraag: "En die mense in die kerk wat so vriendelik groet en belangstellend is?" Die antwoord verbaas my: "Dis net gewone lidmate wat baie bly is om nuwe mense in die kerk te sien. Die kerk het ongeveer vyftig mense, maar so tien van hulle is nie Christene nie. Ons bid baie keer in die kerk vir hulle, dat die Here hulle tot Hom mag bring en hulle harte oopmaak vir sy Woord. Sal jy ook vir hulle en ons kerk bid? Ons het dit baie nodig." Ek is stomgeslaan. Ek wens ek kon so maklik, opreg en openlik met ander mense gesels oor wat die Here die afgelope week in my lewe gedoen het. Ek het hierdie persoon slegs 5 minute gelede ontmoet! Vir my gevoel sal ek dit eers waag om so met iemand te praat as ek die persoon al jare lank baie goed ken en kan vertrou. Anders kan die mense mos dink ek dweep ?

In die preek wat volg, ervaar ek 'n warm, liefdevolle boodskap, maar ook 'n verfrissende radikaliteit oor wat dit beteken om jouself Christen te noem. Dié middag eet ek by

Mike Johnson en ons kuier land en sand soos ou vriende. Ek word uitgenooi na Woensdagaand se "midweek meeting" vir Bybelstudie en gebed. Dis nou 'n "kringgebed", waar ons almal rustig die geleentheid kry om vir die dinge in die kerk te bid waarop die dominee ons attent gemaak het. Ook dinge wat vir ons moeilik is en wat ons aan mekaar en aan die Here in gebed kan opdra. Dit was die eerste keer dat ek by 'n 45 minute lange gebed betrokke was. Maar die tyd het glad nie gepla nie. Inteendeel, ek het soveel meer van alle dinge in die gemeente bewus geword dat ek nou makliker deur die week ook daarvoor kan bid. Ek sien alweer uit na volgende week se "midweek meeting".

Saterdagmiddag word ek genooi na die "door to door"-evangelisasie. Daar is ook geleentheid om betrokke te raak by die studente-uitreiking aan die begin van die jaar. Die volgende Sondagmiddag na kerk is daar 'n "fellowship"-ete; elkeen bring iets kleins en dan eet ons almal saam en kuier lekker. Alles word saam as kerk gedoen en almal is welkom by alles. Ek wil so graag nie-Christen vriende van my werk kerk toe bring, sodat hulle ook kan ervaar wat ek sopas ervaar het.

Ek onthou nog goed wat Mike vir my gesê het toe ek hom uitvra oor hoekom hulle so vriendelik is. "Omdat Christus soveel liefde en genade vir ons bewys het deur sy kruisdood, kan ons mos nie anders as om dit uit te straal na ander nie? Christus het liefde aan almal bewys, selfs ook aan die hoer en die tollenaar."

Opregte vriendskap en liefde in Christus, dink ek by myself. Sal ek dit kan wys aan 'n ongelowige of 'n prostituut wat volgende Sondag die kerk binnekom? Of sal ek probeer uitvind of hulle inkopies op Sondag doen? Dan kan ek tenminste vir hulle verduidelik waar hulle verkeerd gaan.

Na 4 jaar in die kerk kan ek nog steeds nie glo hoe belangstellend die mense elke Sondag weer is nie. "Hoe gaan dit met jou werk? Wanneer sien jy weer jou familie? Moenie van ons vergeet as jy weggaan nie, en bid vir ons". Ek hoef nie eers te vra of hulle vir my sal bid wanneer ek terug is in Suid-Afrika nie, want by die "midweek meeting" het hulle al menigmaal vir my gebid. Ons bemoedig mekaar vir 'n laaste keer en met 'n swaar hart groet ek hierdie mense wat so naby aan my gekom het, by wie ek die liefde van Christus so warm, opreg en openlik geproe het. Op pad terug in die vliegtuig dra ek 'n gebed op dat die Here daar in Engeland ook sy klein kudde mag bewaar vir die aanslae van die duiwel.

My gedagtes word teruggebring na die realiteit. Terug in Suid-Afrika sal ek ouderlingbesoek kry; ek moet myself voorberei op moeilike vrae.

Hoe sal ek verduidelik waarom ek my vrywillig onttrek het van die ware kerk om te trek na 'n land waarvan ek nie eers weet of daar 'n ware kerk is nie? Ek het mos by my belydenisaflegging sekere dinge belowe? Dis alles geldige vrae, maar tog…

Hoe sal ek kan verduidelik watter wonderlike werk die Here in my lewe gedoen het deur hierdie ervarings in die laaste paar jaar? Ek is die Here oneindig dankbaar dat Hy my pad na Engeland toe gelei het. Ek wat gegaan het vir werkservaring, maar gelei is na geloofservaring.

Ewe skielik herinner ek my die teks: *"Ek het nog ander skape wat nie my stem luister, en dit sal wees een aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na kudde, een herder."* Is die klein Engelse kuddetjie ook deel van die ander skape? Die boodskap van die een Herder het ek beslis daar gehoor, en die uitlewing daarvan des te meer ervaar.

Hoe smag ek nie na 'n warm, opregte en eenvoudige geloof nie! Hoe baie keer het ek op vereniging nie geredeneer oor koue, dogmatiese vraagstukke nie. Dit was altyd makliker om afstandelik oor my geloof te praat. Hoekom geniet ek dit meer om by my werk met 'n charismaat oor die Here se werk in ons lewens te praat, as om op vereniging met 'n vrygemaakte te stry oor dogmatiese punte in die Bybel? Daar is seker fout met my geloof; ek kan mos nie nou so-iets radikaals sê nie? Ewe skielik onthou ek 'n sin van 'n Nederlandse vrygemaakte dominee: "Liewer 'n warm baptis as 'n koue vrygemaakte".

Nee, dit kan tog nie waar wees nie? Waar skiet ek tekort in my lewe as vrygemaakte voor die Here, is dit in leer of in lewe? En ek het dan vantevore gedink alles is reg by ons in die kerk, ons het dit mos beredeneer en bewys op vereniging? Met skaamte laat sak ek my kop. Dan lees ek weer my Bybel: *"salig is die arme van gees, dié wat met 'n kinderlike geloof smag na die Here. In die Here alleen sal ek roem!"*

My oë is oopgemaak. Nogmaals dank ek die Here dat Hy my pad na Engeland gelei het. Hy bou sy Kerk op hierdie aarde. Sy werke is baie groter as my gedagtes en redeneervermoë. Sy dade is onnaspeurlik.

Die tema's wat volgende keer in KOMPAS bespreek gaan word:

Junie : Lewe in God se skepping
Julie : Etiek

Boekenuus

- - - NUWE PUBLIKASIE!!!! - - -

▪ **SOLA SCRIPTURA Deel 4 deur Dr C van der Waal**
Deel 4 van die Afrikaanse vertaling is nou beskikbaar.
Dit dek die hele Nuwe Testament.
(Sagteband 288 bladsye R90)

FOLMER BOEKHANDEL
Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530
Tel: (021) 948-5883
e-pos: folmerboek@telkomsa.net
Posbus 1453, Sanlamhof 7532

▪ **START MET DE SCHRIFT deur P Niemeijer**
'n Boekie vir die wat graag saamdink en saamwerk in die kerk. Vir ampsdraers wat graag 'n handreiking wil hê oor verskeie sake waarmee hulle te doen kry in hulle ampswerk. Aan die hand van 'n aantal bybelgedeeltes behandel Ds Niemeijer verskillende fasette van die kerklike lewe:

- Met watter gesindheid bou jy aan die kerk?
- Hoe werk die Gees van God onder ons en hoe word ons met Hom vervul?
- Hoe gaan ons om met onderlinge verskille?
- Waar vind jy rus as jy onreg aangedoen is in die kerk?
- Wat is die taak van die kerk in die wêreld van vandag?
- Is liturgie regtig so belangrik?
- Watter waarde en betekenis het afsprake in die kerk?
- Wat is die posisie van die kinders in God se Koninkryk?
- Hoe oordeel ons oor lede van ander kerke?
- Wat is ons eie taak as dit gaan oor kerklike eenheid?
- Hoekom is dit nodig om mekaar aan die leer te bind?

Folmer Boekhandel (Pretoria)
(Irene van der Meer)
Laseandralaan 115
0186 Môregloed
Tel/Faks: (012) 333 8064
e-pos: folmerpta@mweb.co.za
Posbus 26489
0031 Gezina

Die skrywer was voorsitter van die algemene sinode van die gereformeerde kerke in Nederland wat in Amersfoort Centrum in 2005 gehou is. Hy het elke vergaderweek geopen met 'n kort Bybelstudie. Hierdie boekie is 'n weergawe van hierdie oordenkings. Die boekie gee 'n indruk van die manier waarop die sinode haar werk verrig het. Die outeur hoop dat dit ook 'n bydrae sal lewer tot onderlinge gesprek en samebinding in die kerke.
(Sagteband 112 bladsye R73.00)

▪ **HET WOORD VOORAF deur ds Egbert Brink**
Die lewe met God is 'n boeiende en verrassende reis met fantastiese uitsigte en 'n uitnodigende perspektief. 'n Reis met die Woord vooraf: die lewende Woord van God as leidraad op die reis van jou lewe. Om te lewe is om God te ken soos Hy Hom laat ken in Sy Woord. Lewe op die asem van Sy stem. Op weg na die nuwe aarde, 'n hemel op aarde. Ds Egbert Brink het hierdie boek geskryf vir Christene wie se lewensprogram bepaal word deur die Bybelse boodskap.

'n Boek wat die geloofskennis op 'n lewendige manier oordra. Die verfrissende en aansprekende manier waarop kennis in *Het Woord vooraf* oorgedra word, maak die boek geskik vir verskillende doeleindes: belydeniskatkisasie, kursus vir belydende lidmate, as naslaanwerk by persoonlike bybelstudie en vir bybelstudie in groepsverband. Elke hoofstuk bevat 'n bybelleesrooster en verskaf vrae vir bespreking en verdieping.

Die boek is ook in Engels vertaal onder die titel *His Word before yours*.
(Hardeband 220 bladsye R193.00 (Nog een eksemplaar beskikbaar teen hierdie prys). Die prys van nuwe voorraad sal ongeveer R290. Engelse uitgawe: Hardeband 232 bladsye, ongeveer R350)

Christus se oorwinning ook ‘n realiteit vir die politiek

Willie Spies

POLITIEK

Sedert 1994 is Suid-Afrika ‘n sekulêre staat. Dit beteken dat die staat neutraal staan met betrekking tot godsdiens. Die staat kies dus nie kant vir die Christendom of die Islam of Hindoeïsme nie, maar staan so te sê op die kantlyn wanneer dit kom by geloofskwessies.

‘n Sekulêre staat

Op die oog af lyk die sekulêre uitgangspunt onskuldig en selfs na die korrekte een.

Iran is ‘n voorbeeld van ‘n fundamentalistiese Moslem-land. Indien die land ‘n sekulêre staat sou word, sou dit mos beteken dat Christene in Iran groter gewetensvryheid het en minder vervolging kan verwag. Maar dit is waar die voordele, vanuit die Christelike perspektief, ophou.

In Suid-Afrika het die oorgang vanaf ‘n staat met ‘n Christelike grondwet na een met ‘n sekulêre grondwet sinoniem geraak met onder andere –

- die wettiging van aborsies op aanvraag;
- die wettiging van dieselfde geslag huwelike;
- die uitfasering of afwatering van godsdiensonderrig in openbare skole;
- groter verdraagsaamheid teenoor kriminaliteit en die beskerming van misdadigers eerder as slagoffers;
- vrye toegang tot pornografie;
- staatsloterye;
- aftakeling van ouers en onderwysers se gesag; en
- die moontlike wettiging van prostitusie.

Die transformasie van Suid-Afrika tot ‘n sekulêre staat die afgelope 13 jaar het trouens so vinnig gebeur dat vir baie Christene die politiek ook sinoniem geraak het met sekularisering.

Die wêreld is ons woning nié

Baie Christene is so teleurgesteld met die verloop van die gebeure van die afgelope 13 jaar dat hulle hulself geheel en al van die politiek onttrek het. Sulke Christene sal byvoorbeeld argumenteer dat die politiek boos is en dat ‘n Christen hom nie daarmee moet ophou nie.

‘n Gewilde spreuk van mense uit dié denkraamwerk is ‘n aanhaling uit die bekende gedig van Totius: “Die wêreld is ons woning nié”. Die onderliggende uitgangspunt is dat die wêreld sedert die sondeval boos geraak het. Dat, danksy die mens se voortgesette verval in sonde, die wêreld slegs op een afdraande pad is wat uiteindelik tot die finale vernietiging van die aarde gaan lei.

Christene se roeping – volgens hierdie siening – is dan om hulle leefwêreld bloot te beperk tot kerk en gesin. Alles wat daarbuite is, moet gelaat word vir die wêreld om te hanteer.

Die standpunt word ook dikwels aangevul met ‘n aanklag teen enige Christen wat wel aktief aan die politiek van die dag deelneem. Daar sal dan geargumenteer word dat, aangesien die grondwet ‘n sekulêre een is wat geen spesiale plek aan die God Drie-Enig laat nie, Christene eintlik ‘n plig het om hulle te weerhou van deelname aan verkiesings.

Daar word ook dikwels geredeneer dat deelname aan verkiesings neerkom op ‘n legitimering van die grondwet.

Demokrasie is boos

In Suid-Afrika met sy unieke veelvolkige situasie word die standpunt dikwels verder gevoer deur te argumenteer dat nie net die grondwet nie, maar veral die demokrasie as regeringsvorm, boos is. Ek het onlangs selfs ‘n e-pos ontvang waarin die skrywer aankondig dat “demokrasie van die duiwel is”. Die hou van verkiesings is, volgens dié siening, slegs regverdigbaar indien dit binne volks- of kerkverband geskied.

Dikwels word dan geargumenteer dat, gegewe Suid-Afrika se realiteite waarbinne verkiesings niks anders as rasse-sensusse is nie, Afrikaners en ander minderheidsgroepe hulself bluf as hulle dink dat hulle deur deelname aan verkiesings ‘n verskil aan hulle lot gaan maak. Hierdie standpunt het miskien wel debatteerbare meriete weens gewoon praktiese politieke redes, maar voorstanders van die standpunt wat mede-Christene op grond van hierdie standpunt wil bind om hulle nie met die politiek van die dag te bemoei nie, gaan verder as wat die Skrif vereis en verwar praktiese politieke argumente met Bybelse voorskrifte.

Die wêreld as ons woning

In Psalm 115:16 staan: die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders

gegee. Die vers val byna vreemd op. Maar dit staan daar. God het die aarde aan sy kinders gegee.

Op die eerste Vrydag – die sesde dag – het God die mens geskape. *"En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip."* (Gen 1:28). Hierdie opdrag is nooit opgehef na die sondeval nie, inteendeel, God herhaal hierdie opdrag-belofte aan Noag (Gen 9:7) en aan Jakob (Gen 35:11), maar selfs ook aan Ismael (Gen 17: 20), om maar 'n paar te noem. God se opdrag aan sy kinders is dus om die aarde te bewoon, te bewerk en daaroor te heers. Dis 'n opdrag wat van geslag tot geslag gemaak is en nie as gevolg van die sondeval tot niet gegaan het nie.

Op die eerste Goeie Vrydag het Christus die offer gebring wat die vernietigingswerk van Satan met die sondeval tot niet sou maak. Sy oorwinning oor die dood het aan sy kinders die vooruitsig op 'n ewige lewe gebied en met sy hemelvaart is sy opdrag aan sy dissipels: Gaan dan heen, maak dissipels van alle nasies en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Die dissipels was gehoorsaam en ten spyte van hewige vervolging en gevaar het hulle juis dit gedoen. Saam met die kerstening van Europa en die Germane het daar vir Europa ook ongekende groei en vooruitgang gekom en het die Christendom die wêreld se grootste godsdiens geword. Deur die geskiedenis van die Christendom het God telkens regerings en heersers gebruik om sy kerk te beskerm en in stand te hou. Vanaf die verklaring van die Christelike godsdiens tot amptelike godsdiens van die Romeinse Ryk deur Konstantyn het God die regerings gereeld gebruik. Enkele voorbeelde is die beskerming wat Calvyn byvoorbeeld van die stadsregering van Genève ontvang het (al was dit ook maar wisselvallig) en die skuilplek wat Martin Luther van Prins Frederik die Wyse gekry het. Telkens het hierdie werk van aardse heersers en regerings gehelp om die voortgang van die evangelie en later van die reformasie te verseker.

Die wêreld vandag

Anders as wat ons in Suid-Afrika beleef, is daar lande in die wêreld waar Christelike politiek juis vordering maak.

In die VSA, waar die liberalisme vir sowat 50 jaar sedert die 1930's die botoon gevoer het en die sekularisering van die samelewing, het daar in die 1980's onder Ronald Reagan 'n ommekeer gekom waarna dikwels as die *conservative revolution* verwys word. Sedert daardie jare is Amerikaanse presidentsverkiesings oorheers deur veral Republikeinse kandidate wat uitgesproke Christene is. Die enigste uitsondering in dié verband was die agt jaar regeringstydperk van Pres Bill Clinton.

Liberale media hou tans duime vas dat die houvas van die sogenaamde *religious right* in die volgende presidentsverkiesing gebreek kan word. In 'n onlangse nuusartikel van die Amerikaanse joernalis Robert Bové sê hy die sukses van die *religious right*, om die politieke debat in 'n nuwe rigting te stuur, laat liberales en nie-godsdienstige konserwatiewes snags wakker lê. Daar bestaan selfs vrees in liberale kringe dat die Amerikaanse Hooggeregshof, wat sedert die 1980's al meer konserwatiewe regters gekry het, dalk die berugte *Roe v Wade*-hofuitspraak van die 1970's waardeur aborsies op aanvraag gewettig is, kan omvergooi. Ingeligtes oor die Amerikaanse politiek glo dat gelowige Amerikaanse kiesers steeds 'n baie betekenisvolle rol in toekomstige verkiesings kan speel en met die regte leierskap selfs daarin kan slaag om weer 'n Christen-president in die VSA verkies te kry.

In Nederland het die Tweede Kamer-verkiesing van Januarie vanjaar slegs drie werklike wenners opgelewer. Een van die wenners was die Christen-Unie, wat na die verkiesing in die regering opgeneem is. Sedert 22 Februarie vanjaar hou die Christen-Unie drie kabinetsposte in Nederland en is die partyleier (of *lijst-trekker*) André Rouwvoet die nuwe Vise-Premier en Minister van Jeug- en Gesinsake.

Suid-Afrika

Die lotgevalle van alle volke en nasies word deur God beskik. Dit geld ook vir Suid-Afrika.
Terwyl ons tans dikwels vuisvoos voel omdat dit lyk of alles in een rigting op pad is, kan ons vashou aan die wete dat Christus se oorwinning oor die grense van alle lande strek. Sy mag oortref die tye en regeringstermyne van aardse heersers, vorste, partye en bevrydingsbewegings.

Wanneer sy kinders hulle tot Hom wend, hulle verootmoedig en bid en hulle bekeer van hulle verkeerde weë, dan sal Hy hulle land genees (2 Kronieke 7:14). God bring regerings aan bewind, Hy laat hulle slaag of misluk, maar Hy laat regerings en konings ook val wanneer Hy dit so goeddink.
Dit was waar vir die konings van Israel, maar ook vir die keisers van die Romeinse Ryk. Dit was waar vir Suid-Afrika se apartheidsregering voor 1994, maar ook vir sy ANC-regering na 1994. Vir Saddam Hoessein, maar ook vir George W Bush.

En so sal dit wees totdat elke skepsel wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see is, sal sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam kom toe die lof en die eer en die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid!"

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel
G de Jager (voorsitter)
BJ Kamphuis
A Bron (sekretaris)
Tel. 012 332 0943
E-pos (Stigting):
berendkamphuis@telkomsa.net

Drukker:
Printburo
Tel. 012 335 9134

Redaksie:
Greet de Vries
Hans Moes
Petro Hofsink
Juul Douma
Riaan van Alten
Herman van der Linden

Redaksieadres:
e-pos: jdouma@absamail.co.za

Saxenburgsingel 14
Oakglen
Bellville 7530
Tel 021 919 5176

Nederland:
Mev. H van de Weide
Oldenkottebrink 60
7544 LP Enschede
Tel. (053) 478 4561

Administrasie:
Mev. L Ros
Posbus 23931
Gezina, 0031
Tel. 012 332 0127

Elektroniese betalings:
Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode: 16 03 45
Rek. nr: 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

E-pos	RSA	R40
	Buiteland	€10
RSA	per hand	R90
	per pos	R100
Buiteland:		
	Seepos	€30
	Lugpos	€40

P E R S B E R I G ♪

♫♪

Grootste Christelike koor van Nederland

HOLLAND-KOOR KOM NA SUID-AFRIKA

Vanaf 7 tot 19 Mei 2007 gaan die HOLLAND-KOOR op 'n konsertreis na Suid-Afrika. Die HOLLAND-KOOR, met sy 800 lede, is sover ons weet, die grootste Christelike koor van Europa. Die koor staan onder leiding van die in Nederland baie bekende en gewilde dirigent Jan Quintus Zwart uit Kampen.

Die koor hoop om in Suid-Afrika konserte te gee (met samewerking van plaaslike kore en musici) op:

- Donderdag 10 Mei: New Apostolic Church; Durant Road in Athlone Kaapstad aanvang 20:00 (NAC-koor en simfonie-orkes).
- Saterdag 12 Mei: Stadsaal van Kaapstad, Strandstraat; aanvang 19:30. (Tygerberg Stadskoor, Dr. Barry Smith: orrel). **Kom vroeg, samesang vanaf 19:15.**
- Sondag 13 Mei: Sing-In in NGK Wynberg, Durban Road, Kaapstad; aanvang 15:30.
- Dinsdag 15 Mei: Universiteitsoordkerk, Pretoria; aanvang 20:00. (Ga-Rankuwa Community Choir, Willem Luitingh: orrel, Anton Delen: Trompet). **Kom vroeg, samesang vanaf 19:45.**
- Woensdag 16 Mei: Regina Mundi Church in Soweto; aanvang 18:30. (Soweto Gospel Choir, Willem Luitingh: orrel). **Kom vroeg, samesang vanaf 18:15**

Die HOLLAND-KOOR sal egter nie in sy geheel na ons land toe kom nie; vir heelwat lede is die reis te duur of te swaar. Daar sal omtrent 180 lede aan die konsertreis deelneem.
Die koor is in 1989 opgerig met as doel om eendag met 1000 Christene in Israel te gaan sing. So het 'n groot koor ontstaan, waarvan die lede vanoor die hele Nederland kom. Eenmaal in drie weke word daar geoefen in die Oude Ned. Herv. Kerk in Putten. Die HOLLAND-KOOR sing geestelike liedere en sing, in verbondenheid met die Joodse volk, baie Psalms, maar ook talle ander gesange in sowel Nederlands as Engels. Die koor het reeds 'n paar keer in Israel gesing, maar ook tweemaal in Kanada en die VSA, verder ook in Duitsland, Engeland, Skotland en Noorweë.
Al die koorlede betaal die reise self, so ook die een na Suid-Afrika. Na die konsertreis gaan 'n deel van die geselskap nog 'n paar dae geniet van Swaziland en die Nasionale Krugerwildtuin.

Toegang by al die konserte is gratis; daar sal 'n kollekte opgeneem word om die onkoste te dek.

KOM EN GENIET!